EMMANUEL

So spreek die Here:

Ek sal julle 'N NUWE HART gee . . .

en 'n nuwe gees in jul binneste gee, en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee (Esegiël 36:26).

Copyright © 2009 Emmanuel Press

As gevolg van ons koue ongevoelige harte, soos van klip, sê die Bybel, is dit onmoontlik vir ons om God te behaag.

"Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?"

"As ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie."

"Want nie wat die mens sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan."

"Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg."

God verander mense se lewens. Soos 'n larwe verander in 'n vlinder, so verander Hy ons. Dié nuwe lewe stem glad nie ooreen met die oue nie. As ons ons sonde bely en terugkeer na God en Hom vra vir Sy vergifnis, verander Hy ons *van binne*.

"Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee."

"Hy genees dié wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde."

God se begeerte is dat ons ons lewens ten volle sal geniet. Hy het ons 'n lewe van oorvloed beloof, nou en tot in ewigheid.

"Maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie wat God berei het vir dié wat Hom lief het."

Hy sal ons hoor en ons reinig van ons sondes as ons Hom aanroep.

"Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart."

"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."

Dit is nou tyd om 'n besluit te neem. Bid nou en glo vir die vergifnis van sonde. Teken dan met alle opregtheid hieronder en pos na die gegewe adres.

Om meer oor die Here Jesus Christus te leer vul hierdie vorm in om 'n gratis korrespondensiekursus te ontvang, en stuur aan:

Naam: .....

Adres: .....

.....

.....Kode: .....

Emmanuel Press, Privaatsak, Witrivier 1240, Suid Afrika.

Tract No: 1003
A New Heart — **Afrikaans**